Hoërskool Oosterlig

Rekeningkunde Graad 9 : OPDRAG 3

Opdrag uit:18 Junie In: 25 Junie

Naam: _____ Klas: _____

Dusty Handelaars dryf handel in die koop en verkoop van stofsuiers. Daar word van jou verwag om die volgende te doen vir Mei 20..:

6.1 Boekstaaf die transaksies in die verskillende joernale. Sluit die joernale af aan die einde van Mei 20..
6.2 Doen oorboeking na die verskillende grootboeke.
6.3 Stel 'n Debiteurelys op.
6.4 Voltooi die kredietnota wat op 15 Mei aan G. Marais uitgereik sal word. G. Marais se adres is Ottolaan 42, Glen Acres, 2024.

Saldo's wat op 1 Mei 20.. in die boeke van Dusty Handelaars verskyn:

Handelsvoorraad, R46 280.
Debiteurekontrole, R ?
Verkope, R42 000.
Koste van verkope, R35 000.
Debiteure afslag, R460.
Huur inkomste, R16 000.

) gebruik vir % bereken.

Debiteurelys op 1 Mei 20..:

H. Harmse, R2 100.
G. Marais, R800.
S. Lesedi, R1 210.
L. Naidoo, R2 480.

Nota:

- Bereken die onderneming se winsgrens.
- Toon alle dokument- en folionommers.

Transaksies: Mei 20..:

1 Ontvang 'n tjek vanaf G. Harmse ter betaling van hul skuld op 1 Mei 20.. Reik kwitansie 281 uit.
Kontantverkope volens kasregisterrol, R1 800.
4 Die volgende is op skuld verkoop aan:
L. Naidoo, R4 200 (Reik faktuur 221 uit).
G. Marais, R1 200.
8 Reik 'n kwitansie aan G. Marais uit ter betaling van sy rekening op 1 Mei 20..
'n Gedeelte van die gebou word vanaf 1 Januarie 20.. aan Mokoena Handelaars verhuur.
Ontvang 'n tjek vanaf Mokoena Handelaars vir die huur vir Mei 20.. Mokoena Handelaars het elke maand hul huur betaal.
12 Verkoop goedere op skuld aan G. Marais, R5 400.
14 Verskaf die volgende op krediet aan:
S. Lesedi, R6 600
L. Naidoo, R600.
15 G. Marais bring een stofsuier terug met 'n debietnota. Reik kredietnota 32 vir R600 uit.
17 S. Lesedi stuur twee beskadigde stofsuiers terug, hy vra 'n afslag van R1 200 op sy rekening.
'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die verpakking verkeerd was. Die stofsuiers is onherstelbaar. Reik kredietnota uit.
21 Ontvang 'n tjek vanaf L. Naidoo for R2 000.
Kontantverkope volgens kasregisterrol, R1 800.
24 Verskaf goedere aan H. Harmse vir R7 200.
26 Kontantverkope volgens kasregisterrol, R4 800.
28 Reik 'n kredietnota aan H. Harmse uit vir goedere teruggestuur, R1 200.

Debiteurejoernaal van Dusty Handelaars – Mei 20..

Dok.	Dag	Debiteure	Fol.	Verkope	Koste van verkope

Debiteure afslag joernaal van Dusty Handelaars – Mei 20..

Dok.	Dag	Debiteure	Fol.	Debiteure-afslag	Koste van verkope

Kontantontvangstejoernaal van Dusty Handelaars – Mei 20..

Dok.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding van Ontvangste	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure kontrole	Diverse Rekeninge		
									Bedrag	Fol.	Besonderhede